UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

# Bedryf- en organisasiesielkunde 110 (BDO 110)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Programme** | BCur Kliniese Verpleegkunde Gevorderde Verloskunde en Neonatale Verpleegkunde |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Kinderverpleegkunde |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleegkunde: Pediatries |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Operasiesaalverpleging |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Neonatale Verpleegkunde |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleging: Algemeen |
| | BCur Kliniese Verpleekunde Kliniese Verpleegkunde, Gesondheidsdiagnose, Behandeling en Sorg |
| | BCur Kliniese Verpleekunde: Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Trauma- en Noodverpleging |
| | BCur Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie) |
| | BCur Verplegingsbestuur |
| | BCur Verplegingsonderwys |
| | BIS Inligtingkunde |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Slegs vir BNur studente
Bedryf- en Organisasiesielkunde is ‘n toegepaste veld van die Sielkunde wat fokus op werknemer en organisatoriese gedrag. Die module het ten doel om die student bekend te stel aan:

- die geskiedenis en ontwikkeling van die Sielkunde asook die Bedryf- en Organisasiesielkunde
- die verskillende sub-areas van die Sielkunde asook die Bedryf- en Organisasiesielkunde
- hoe die verskillende teoretiese denkskole in die Sielkunde die psige van die mens en mens-gedrag beskou
- die genetiese en biologiese basis van mens-gedrag, ‘n beter begrip vir individuele verskille aan te toon en ‘n inleiding tot ergonomiese beginsels te gee
- hoe wetenskaplike navorsing die grondslag vorm om mens-gedrag te verstaan en te hanteer sodat optimale funksionering van die mens in die werkomgewing bereik kan word.

Individuele prosesse
In hierdie afdeling word die beginsels van leer soos dit in die werkkonteks voorkom, ondersoek. Die rol van persepsie binne werkverband word behandel deur te kyk na qaspeket soos vorm-, diepte-, afstand– en kleurpersepsie.  Kognisie, denke, redenering, geheue, kreatiwiteit en besluitneming word behandel. Intelligensie word toegelig en in perspektief geplaas binne die veld van die bedryf– en organisasiesielkunde.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.